

# Allemandsreg


Cecille van Riet  
Allemandsreg Sentrum vir Mensregtestudies  
Universiteit van Pretoria

## Legitimiteitskrisis

Die legitimiteitskrisis waarin die Suid-Afrikaanse regstelsel verkeer is gemeensaak. Mense probeer kontak met die reg vermy, omdat hulle meen hulle kan dit nie bekostig nie en omdat hulle dit in elk geval nie verstaan nie. Van der Westhuizen beweer dat ons formele en hoogdrawende regsterminologie, wat by sommiges agting vir die waardigheid en gesag van die howe en die regsproses kweek, ander van die regsorde vervreem. Hy verwys na 'n ondersoek in 1985 deur die RGN-hoofkomitee na tussengroepverhoudinge waarin bevind is dat die regspleging en -administrasie by groot dele van die bevolking onder verdenking is. Dit word 'n 'grootskaalse legitimiteitskrisis' genoem, wat stelselmatig deur opleiding, regshulp, voorligting en hervorming herstel moet word, 'aangesien wantroue in 'n regstelsel en regsorde een van die sterkste uitnodigings en aansporings tot geweld is'.<sup>1</sup>

## Ontoeganklikheid van die reg

Dit is egter so dat die klein persentasie swartmense wat prokureurs raadpleeg, neerslag vind in die getalle wat by die Regshulpraad om regshulp aansoek doen. McQuoid-Mason wys daarop dat swartes in die minderheid is wanneer dit kom by aansoeke om regshulp, ten spyte van die feit dat hulle die meerderheid van die bevolking uitmaak en die armste is. Hierdie feit moet oorweeg word met inagneming van die statistiek vir persone in die gevangenis gedurende die ooreenstemmende tydperk.<sup>2</sup> Alhoewel die getalle van gevonnisede prisoniers waarskynlik afgeneem het sedert die afskaffing van die 'paswette', sou dit nie onjuis wees om te beweer dat 100 000 swart persone jaarliks tot gevangenisstraf gevonniss word, sonder die voordeel van regs-



'The principal sort of instruction which governments owe to the people, is knowledge of the law. How can we require laws to be obeyed, when they are not even known, unless they are published under the simplest forms so that each individual may read for himself the enactments which are to regulate his conduct.'

(J Bentham *Theory of Legislation* 444 (1900))

verteenwoordiging of -bystand nie.<sup>3</sup> Die reg is dus vir die meerderheid van die bevolking ontoeganklik.<sup>4</sup>

## Slagoffers

Daardie deel van die bevolking vir wie die reg grootliks ontoeganklik is, is dan ook veral die slagoffers van sekere vorme van bedrog en verbruikersmisbruike. Die volgende is voorbeelde:

□ As gevolg van die tekort aan swart behuising oorhandig oorgretige voornemende kopers te geredelik deposito's aan 'boukontraakteurs'. Hierdie swart verbruikers lees of verstaan nie die kontrakte nie. Die gevolg is dat party van die kontrakte nie aan al die vereistes ten opsigte van die

goedkeuring van planne en finansiering voldoen nie. So verbeur sulke kopers dan hul deposito's.

□ Waar huiseienaars noustrop trek ten opsigte van die betaling van hul maandelikse paaieimente, koop 'eiendomsagente' die huise teen belaglike pryse met die belofte dat die vorige eienaars as huurders mag aanbly. Ná 'n paar maande word dieselfde huise teen opgejaagde pryse van die hand gesit en die huurders uitgesit.<sup>5</sup>

## Ontstaan van Allemandsreg

Die Allemandsregprogram wil die gewone persoon meer bewus maak van sy/haar regte. Dit het in die swart ghetto's van Washington DC in die Verenigde State van Amerika ontstaan. Jong mense het die reg as iets vyandigs gesien waarteen hulle hul moes verset. Die program bestaan reeds sestien jaar en dit het 'n merkbare verbetering in die algemene houding jeens die reg teweeggebring.

Prof David McQuoid-Mason, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van Natal, het die program in 1986 in Suid-Afrika bekendgestel. Die Vereniging van Prokureursordes van Suid-Afrika het hom finansiële bygestaan en borg steeds die projek gedeeltelik.

## Rol van Allemandsreg

Allemandsreg kan 'n wesenlike rol speel in Suid-Afrika se gekompliseerde en hoogs gereguleerde samelewing. Die meeste Suid-Afrikaners is nie toegerus om die tegniese en abstrakte instellings van die reg te hanteer nie. Die kompleksiteit van hofprosedure en die formaliteite verbonde aan selfs eenvoudige regshandelinge, gekoppel aan mense se algemene onkunde aangaande hul regte en verpligtinge, kortwiek geregtigheid. Hierdie probleem kan deur

praktiese regsopleiding gedeeltelik opgelos word. Allemansreg kan in 'n vriendelike en informele atmosfeer by wyse van bespreking en debat die reg vir individue en gemeenskappe ont-sluit en hulle tot die besef bring dat hulle belangrike regte ingevolge die regstelsel het.

## Onderwerpe aangespreek

Gedurende die eerste fase van die Allemansregprogram moes geskikte onderwysmetodes en -materiaal ontwikkel word. Daar is besluit dat die program ses onderwerpe van die reg sou aanspreek:

### 'n Inleiding

Dit dek onderwerpe soos die herkoms en ontstaansbronne van die Suid-Afrikaanse reg; statuut- en gemene-reg; uitsprake en presedente; die verskil tussen privaat- en strafreg; die verskillende howe; hoe om geskille buite die hof te skik by wyse van onderhandeling, arbitrasie en bemiddeling (mediasie); regsgeleerdes en hulle kwalifikasies; regsverteenvoerders nodig is en hoe om een te vind; mense wat nie regsverteenvoerders kan bekostig nie; die akkusatoriese stelsel en die stappe in 'n verhoor; die afdwinging van 'n uitspraak of vonnis; en die werking van die hof vir klein eise.

### Strafreg en jeugregspieg

Verskillende misdade word kortliks en op eenvoudige wyse uiteengesit met kort besprekings oor die oorsake van misdaad, misdaadvoorkoming, hoe om 'n misdaad aan te meld en wat om te doen as jy die slagoffer is, verweere teen misdade, bevoegdhede van die polisie, borgtog, aanhouding sonder verhoor, prosedure in 'n strafsak, vonnisoplegging, jeugregspieg en kinderhowe.

### Verbruikersreg

Die student word ingelig oor verbruikersbeskerming (met 'n lys van professionele en staatsinstellings by wie gekla kan word), wanpraktyke, kontrakte, waarborge, krediet-ooreenkomste, motors en die verbruiker, en wat verbruikers moet doen as hulle in die moeilikheid beland en nie hul skuld kan betaal nie.

### Familiereg

Die regte van ouers en kinders, hul verpligtinge wedersyds, die huwelik, egskeding en aanneming word onder meer bespreek.

### Welsyns- en Behuisingsreg

Wie vir pensioene kwalifiseer en hoe om seker te maak dat 'n pensioengeregtigde sy/haar pensioen ontvang en die regte en verpligtinge van huurders en verhuurders is moontlike onderwerpe.

### Indiensnemingsreg

Die regte en verpligtinge van werkgewers en werknemers word kortliks en op eenvoudige wyse bespreek en dit bevat dus elemente van die arbeidsreg ook.

## Handleidings

Daar is vervolgens besluit om ses studentetekste, elk met sy eie onderwysershandleiding, te druk. Die handleiding verduidelik die onderwysmetodes en verskaf antwoorde op die probleme wat in die studenteteks gestel word. Dit is dus vir enige onderwyser moontlik om met 'n bietjie leiding en hulp Allemansreg te doseer. Die tekste is deur McQuoid-Mason geskryf en die eerste drie is reeds in Afrikaans en Engels beskikbaar.

Vernuwend onderwysmetodes word aangewend en die studentetekste is met strokiesprente geïllustreer om hulle leser vriendelik en meer toeganklik te maak. Elke teks bevat kort beskrywings van regs-beginsels en stel vrae en probleme



Geskille wat buite die hof geskik word


van die gemeenskap word nou opgelei om Allemansreg te doseer.

## Doelstellings

Die hele program is deurlopend: verwagtinge word gekoester dat dit 'n permanente instelling sal word. Die teikengroep is die wyer gemeenskap en die uiteindelijke doel die ontmitologisering van die reg by wyse van informele regsopleiding, sodat die deursnee persoon bewus gemaak word van sy/haar regte en die vermoë van die regstelsel om hom/haar te beskerm. Hy/sy word dus nader aan die reg gebring.

Deur middel van werkswinkels en metodiek word gepoog om

- kennis van en insig in die Suid-Afrikaanse regstelsel te ontwikkel, welke kennis en insig aanleiding sal gee tot konstruktiewe en kritiese denke;



Verbeel jou daar was geen wette nie

aan leerlinge. Die probleme word aangebied as gevallestudies, dramatiserings, skynhowe, besprekings-groepe, speletjies en oefeninge om kritiese denke aan te moedig. Dit dra alles by tot 'n aktiewe leerproses en klaskamerbetrokkenheid.

Die program betree nou die tweede fase. Dit behels die bekendstelling van Allemansreg aan advieskantore, gemeenskaps-groepe, studente, onderwysers en werkers-groepe van alle rasse. Onderwysers en ander lede

- die nodige regsvaardighede vir selfhandhawing binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap te ontwikkel;
- studente en studieleiers aan te moedig om op demokratiese wyse deel te neem aan werkswinkels.

## Werkswinkels

McQuoid-Mason het 'n aantal werkswinkels op verskillende plekke in die land aangebied om die konsep

van Allemansreg bekend te stel en te bevorder. Werkswinkels is aangebied by die Universiteit van Kaapstad, op die Kaapse Vlakte, in Soweto, by die Universiteit van die Witwatersrand, in Mamelodi, by UNISA, by die Universiteit van Pretoria en by verskillende takke van NIMRO. By hierdie werkswinkels het die gehore bestaan uit skoliere, regstudente, regspraktisyns, lede van gemeenskapsorganisasies, opvoedkundiges en universiteitsdosente.

Die Allemansregprogram is reeds sedert 1986 vanaf die Universiteit van Natal, Durban in werking. Groot sukses is behaal in Natal en 'n soortgelyke program is in 1987 in Transvaal deur 'n groep belangstellende studente van die Universiteit van die Witwatersrand geloods. Gedurende Mei 1988 is 'n voltydse koördineerder deur die Universiteit van die Witwatersrand aangestel en op 1 Februarie 1989 is dieselfde by die Universiteit van Pretoria deur die Sentrum vir Mensregtestudies gedoen. Koördineerders is ook reeds by die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Wes-Kaapland en Rhodes Universiteit aangestel. Die Vereniging van Prokureursordes betaal al hierdie koördineerders se salarisse terwyl die onderskeie universiteite kantoor- en administratiewe geriewe voorsien en die programme akademies kontroleer.

By elke universiteit word die Allemansregprogram deur die Allemansregkoördineerder geadministreer. Daar word van 'n koördineerder verwag om oor 'n LLB-graad te beskik en so iemand word op 'n vrywillige basis bygestaan deur senior regstudente, wat optree as studieleiers. Werkswinkels in Allemansreg word by die universiteit as opleiding vir die studieleiers aangebied en hulle bied weer op verskillende plekke werkswinkels vir onderwysers aan. Elke skolier word voorsien van 'n studenteteks en studieleiers (regstudente) bied dan werkswinkels vir die onderwysers aan om hulle vertrouwd te maak met die werking van Allemansreg en die gebruik van die onderwysershandleidings. Onderwysers onderrig dan die skoliere in Allemansreg. Aan elke onderwyser word 'n Allemansregstudieleier (student) toegewys en laasgenoemde tree op as navorsings- en skakelingskontak. Studieleiers moet onder andere ook hofbesoeke vir skoliere reël en praktiese regsprobleme wat mag opduik navors en oplos. Die Allemansregprogram bied

dus ook 'n gulde geleentheid aan regstudente om praktiese ondervinding op te doen en op hierdie wyse waardevolle gemeenskapsdiens te lewer.

## Skynhowe

Die studenteteks en onderwysershandleiding kan op soortgelyke wyse aangewend word vir die opleiding van advieskantoorpersoneel, jeug-groepe, sosiale en maatskaplike werkers en ander persone, wat betrokke is by gemeenskapsgeoriënteerde regsopleidingsprogramme. Behalwe regs-beginsels, word skoliere ook onderrig in hofprosedure en basiese vereenvoudigde bewysleer. Hulle kry dan die geleentheid om 'n skynhof te hou en as aanklaers, advokate vir die verdediging en as getuies op te tree. Gedurende die Julie-vakansie van elke jaar vind daar dan 'n interprovinsiale skynhofkompetisie in Durban plaas. 'n Regter van die Natalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof sit voor en die Vereniging van Prokureursordes het 'n wisseltrofee vir die geleentheid geskenk. Gedurende Julie 1989 het Sy Edele Regter Bristow voorgesit en het Transvaal (met skoliere van Johannesburg en Pretoria) die trofee verower.

Die program bevoordeel die gemeenskap op verskeie vlakke:

- dit bring belangrike regsbegrippe tuis by diegene wat daardeur geraak word;
- dit bevorder kennis, insig en kritiese denke oor die reg en speel dus 'n rol in 'grass roots'-regshervorming;
- dit leer lede van die gemeenskap wat hulle regte is en dra dus by tot die daarstelling van 'n atmosfeer, kultuur of tradisie van regte, wat veral nou (waar daar gekyk word na 'n moontlike menseregte-handves vir Suid-Afrika) belangrik is;
- dit leer die man/vrou op straat oorlewingstvaardighede deur hom/haar in te lig oor hoe om regsadvies te bekom en wat die korrekte wyse is om op te tree waar hy/sy in aanraking met die reg kom;
- dit het dus 'n voorkomende funksie deurdat dit mense leer om regsprobleme op te los sonder onnodige moeite en onkoste;
- waar regshulp gaan om die toegang van behoeftige persone tot

die hof, gaan dit by voorkomende reg oor toegang tot die reg – die betekenis en inhoud van die reg – en is dit as sulks 'n vorm van magsbekleding;

- dit moedig waardering vir die idee van 'n regstelsel aan en toon aan waarom so 'n stelsel noodsaaklik en voordelig vir enige gemeenskap is;
- vir die regsprofessie is daar die bykomende voordeel dat diegene wat dit sou kon bekostig meer geredelik sou litigeer as hulle meer bewus van hulle regte was; en
- hopelik sal dit Suid-Afrikaners, wat by uitstek swak verbruikers is, deegliker en meer kieskeurig op hierdie gebied maak.

Die Getrouheidswaarborgfonds vir Prokureurs het 'n bedrag van R1,1 miljoen aan die projek bewillig om sy werksaamhede vir die eerste drie jaar geldelik te borg. Aansienlike bydraes is ook van die privaatsektor ontvang, maar dié verdwyn in die niet wanneer dit met die Suid-Afrikaanse prokureurs se belegging in die projek vergelyk word.

Daar word van elke koördineerder verwag om, behalwe sy/haar administratiefunksie, hom/haar besig te hou met fondsinsameling. Op hierdie wyse word daar dan betaal vir die aankoop van die studentetekste en onderwysershandleidings van Jutas, reiskostes na werkswinkels en vir uitstappies soos die jaarlikse skynhofkompetisie in Durban en besoeke aan die howe. Dit is ons ideaal om hierdie diens gratis aan die gemeenskap te lewer. Juis die praktiserende juris het 'n belang daarby om die publiek se vertroue in die regstelsel te herstel. ■

## VOETNOTE

- 1 Johann van der Westhuizen 'Reg of Onreg?' *De Kat* 1988 30.
- 2 DJ McQuoid-Mason 'Problems associated with the Legal Representation of Africans in the Urban Areas of South Africa' 1984 *Acta Juridica* 192.
- 3 NC Steytler *The Undefended Accused on Trial: Justice in the Lower Courts* 44; 1985-6 Jaarverslag van die Departement van Justisie.
- 4 Nico Steytler 'Access to Justice: The Role of Legal Aid' John Hund (Red) *Law and Justice in South Africa* 30.
- 5 DJ McQuoid-Mason 'Blacks and Consumer Rights' A Rycraft (Red) *Race and the Law in South Africa* 174-9.